# DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN WELKOM MET VERWYSING NA DIE AFRIKAANSSPREKENDE GEREFORMEERDE KERKE SE VROEË ROL

*J G Gillmer*[1]
Departement Kerkgeskiedenis
Universiteit van Pretoria

*Abstract*

This article refers to the establishment of Welkom and its development and more particularly to the role of the Afrikaans-speaking Reformed Churches during the early mining processes since 1950 in the Goldfields. The dominant influence of the mining industry and its economic impact on the Goldfields led to a general development of infrastructure in the area, which made the necessity of the churches in the area even more essential for the spiritual well-being of its members. The indirect influence of the mining industry on the emerging congregations and their developments cannot be overlooked, especially with the rising towns and suburbs with its increasing population that took place from time to time.

## 1 INLEIDING

Die ekonomies-ontginbare goudontdekking in 1946 op die plaas *Geduld* in die omgewing van Odendaalsrus het geweldige sosio-ekonomiese en maatskaplike omwentelinge in die Goudveld meegebring, wat belangstelling wêreldwyd gaande gemaak het (Anon 1952:16; Joubert 1963:1).

*Anglo-American Corporation Limited*, het reeds gedurende die Tweede Wêreldoorlog aandele in kleiner maatskappye in die Oranje-Vrystaat verkry, wat oor belangrike mynbougebiede in die Oranje-Vrystaat beskik het (Innes 1984:134). Derhalwe het *Anglo* met gróót mynhuise soos *South African Townships, African and European* en Blinkpoort and Witwatersrand Extension in die Vrystaat gewedywer wat oor belangrike gouddraende gebiede in die Vrystaat beskik het (Innes 1984:134). Desondanks het *Anglo* daarin geslaag om teen 1945 beheer oor vier belangrike gouddraende gebiede van South *African Townships, African and European,* Blinkpoort and Witwatersrand Extension te verkry (Innes 1984:134). Die betrokke gebiede het die rykste goudneerslae in die Vrystaat bevat en sou die belangrikste groeipunte vir die mynbounywerheid se uitbreiding in Suid-Afrika word (Innes 1984:134). Derhalwe was Anglo se verkryging van die gebiede 'n besondere mylpaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse mynbouwese.

Hierdeur het *Anglo* 'n stewige posisie in die Goudveld teenoor *Anglo-Transvaal, Union Corporation, General Mining, Gold Fields* en *Central Mining*

---

[1] Artikel gebaseer op doktorale proefskrif ingedien by die Departement Kerkgeskiedenis, Universiteit van Pretoria.

verkry (Innes 1984:134-135). In die lig hiervan was *Anglo* in 'n gunstige posisie om geleidelik op die gebied van goudontginning in die Vrystaat te oorheers. Derhalwe is in die beplanningsraamwerk van *Anglo* uitbreidingsinisiatiewe gehandhaaf wat uiteindelik tot die stigting van Welkom aanleiding gegee het. Die ontstaan van Welkom is dus 'n belangrike oogmerk van *Anglo* vir die mynbou-ontwikkeling in die Goudveld.

## 2 REDES VIR WELKOM SE ONTSTAAN

In 'n brief van die Provinsiale Sekretaris gedateer 15 April 1947 wat aan die *SA Township Mining and Finance Corporation* gerig is, is melding gemaak van die Provinsiale Raad se opdrag aan die Administrateur om Welkom se stigting te bekragtig, gemaak (Anon 1985:424; Du Plessis 1959:19-20). Derhalwe kán die brief van 15 April 1947 as Welkom se geboortesertifikaat beskou word, omdat die dorp op die vermelde datum gestig is.

Nadat Welkom gestig is, het ander dorpe soos Blaauwdrift, Riebeeckstad, Allanridge, Hennenman en Virginia gevolg (Van der Vyver [nd]: [np]). Hierdeur is Odendaalsrus se kanse in 'n mate verbeur om die ekonomiese kern van die Goudveld te word, omdat die betrokke dorpe onafhanklik van mekaar sou ontwikkel met onafhanklike infrastrukture en gevolglik minder op mekaar aangewese sou wees.

Die Stadsraad van Odendaalsrus het van die dorpsgrond aan spekulante verkoop en ongeveer 1 600 morg van die dorpsgrond aan die firma *Roberts en Nielsen* toegeken. Die betrokke firma het die mineraalregte en die oppervlakregte aan twee verskillende maatskappye verkoop wat inhiberend vir dorpsuitbreiding was. Die situasie het daartoe bygedra dat Odendaalsrus geen grond vir enige uitbreiding gehad het nie, hoewel uitbreiding in daardie stadium noodsaaklik was.

Hierdeur is Odendaalsrus se ontwikkeling gefnuik en gevolglik sou 'n nuwe dorp wat naby geleë is akkommodasiegeriewe vir groot getalle werknemers voorsien (Joubert 1963:4; Viljoen 1963:10).

Ernest Oppenheimer het lank oorweging aan Odendaalsrus gegee maar besluit om sy aandag op 'n nuwe dorp te vestig: 'n dorp wat vir ongeveer vyf myne voorsiening sou maak. Die gebied wat hy in gedagte gehad het, was by die nabygeleë St Helenamyn wat aan *Western Holdings* en *President Brandmyne* gegrens het. Hiervolgens sou sowat ses myne in die omgewing van Welkom geleë wees. In effek sou ongeveer ses myne suid-oos van Odenaalsrus met 'n bevolking van ongeveer 30 000 blankes en 'n groter aantal swartes gestig word. Oppenheimer wou die mynbouwerkers so ná moontlik aan die voornemende myne laat woon, sodat láng afstande tussen die woon- en werkplek uitgeskakel kon word (Cartwright [nd]:307; Du Plessis 1959:11; Oppenheimer 1950:153).

Die dorpsbeplanners het ná noukeurige oorweging besluit dat die suidelike

gedeelte van die plaas, Welkom, vir die dorpsaanleg gebruik sou word. Die toekomstige dorp op dié gebied sou die geskikste vir die nabygeleë myne wees. Derhalwe het Oppenheimer 'n gedetailleerde plan aan die *Orange Free State Townships Board* (Dorpsraad van die Oranje-Vrystaat) voorgelê. Die plan het voorsiening gemaak vir al die kenmerke van 'n volwaardige dorp en dit het selfs 'n lughawe ingesluit. Eweseer sou die voornemende dorp na die plaas Welkom vernoem word (Cartwright [nd]:307-308; Van der Vyver [nd]: [np]).
Uiteraard het die ontwikkeling van die mynboubedryf grotendeels van 'n nabygeleë dorp met die nodige infrastruktuur afgehang, sodat die spoedige goedkeuring van Welkom se stigting van die uiterste belang was. Daarbenewens was *SA Township Mining and Finance Corporation,* gretig om die probleem van geskikte behuising vir die mynbouwerkers so gou moontlik die hoof te bied. In die beplanningsopset sou die behuisingskema so ná moontlik aan die myne opgerig word, sodat die produksieprogramme van die myne nie nadelig geraak word deur enige ongerieflike láng afstande tussen die woon- en werkplek van die mynwerkers nie. Die voorsiening van geskikte behuising was een van die moeilikste probleme om die hoof te bied, omdat die Goudveld in daardie stadium 'n behuisingstekort gehad het. Daarbenewens, moes baie huisgesinne in 'n kort tydsbestek gehuisves word (Bennett & Marais 1983:14).

H F Oppenheimer, die seun van sir Ernest Oppenheimer, het die mening gehuldig dat die doel van Welkom se stigting aan die nabygeleë myne van *Anglo* soos *President Brand, President Steyn, Western Holdings* en *Welkom Gold Mining Company* toe te skryf is. Derhalwe sou dit ook *St Helena Gold Mines Ltd* insluit wat deur *Union Corporation* geadministreer is (Oppenheimer 1993: [np]; Anon 1955: 14-15; Viljoen 1963:12; Anon [nd]:749); Anon [nd]:425, 427; Oppenheimer 1950:153; Oppenheimer 1948-1952: [np]; Anon 1949: 299). Die voorafgaande redes het daartoe gelei dat die dorp Welkom amptelik tot stand gekom het. Die totstandkoming daarvan is 'n droom van Ernest Oppenheimer wat bewaarheid is (Argiefstuk 1947-1968: [np]; Anon 1959:19; *Welkom News,* June 1951: [np]; Van der Vyver [nd]: [np]; *Vista* 1988 [np]).

Dit is in die lig van Welkom se ontstaan en ontwikkeling dat 'n bevolkingstoename na die Goudveld plaasgevind het, sodat die kerk oor die algemeen en veral die Afrikaanssprekende Gereformeerde kerke na die geestelike belange van hul lidmate moes omsien. Hiervolgens is dit van belang dat die fokuspunt op die kerk se rol in die vroeë stadium geplaas word.

# 3 DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE (NG) KERK SE ROL IN DIE BEGINJARE

Die mynbou-ontwikkeling met die steeds toenemende lidmate na die Goudveld, het 'n geweldige werklading op die NG Moedergmeente van Odendaalsrus geplaas. In die vroeë stadium van die mynbou-ontwikkeling het

slegs Odendaalsrus Moedergemeente in die Goudveld bestaan om na die belange van die kerk se lidmate om te sien. Uiteraard was dit 'n geweldige taak weens die gemeente se uitgebreide lidmaattal (De Kock 1980:28).

Desondanks het die Moedergemeente van Odendaalsrus ook die kerklike of geestelike bearbeiding, sowel as al die administratiewe verpligtinge van die NG Kerk in die Goudveld behartig. Alhoewel verskeie gemeentes mettertyd afgestig het, het die werk steeds vir een leraar té veel geblyk te weees. In 1954 het die gemeente méér as 2 000 lidmate gehad, hoewel verskeie gemeentes in daardie stadium van die Moedergemeente afgestig het. Hiervolgens is dit duidelik dat die werk vir een leraar 'n enorme taak was. Die kerklike sowel as die algemene ontwikkelinge wat die kerk ten diepste raak, was menslik gesproke bykans onmoontlik om mee tred te hou. In die proses is die gemeentelike verpligtinge, soos huisbesoek, in 'n gróót mate afgeskeep (De Kock 1980:28).

Namate die ontwikkeling van die mynbouwese toegeneem het, het St Helena en Welkom des te meer as selfstandige gemeenskappe van Odendaalsrus se voogdyskap los geraak. Trouens, dit het op sy beurt meer spanning, sowel as verantwoordelikheid meegebring (De Kock 1980:28). Die inwonertal van Welkom was in 1950 tussen 4 000 en 5 000 sodat die oprigting van huise vir dié doel 'n belangrike prioriteit was. In St Helena, ‘n voorstedelike gebied van Welkom, het ook belangrike sosio-ekonomiese aktiwiteite plaasgevind (*Die Kerkbode* 1950:379).

Die ontwikkeling in die Goudveld was van so 'n aard dat die kerke in elke nuwe woongebied persele vir die oprigting van kerkgeboue en pastorieë vir die nuutgestigte gemeentes moes bekom. Dit was 'n taak wat baie tyd en aandag van die plaaslike gemeentes geverg het. In die verband het dominee W R de Kock van die Moedergemeente van Odendaalsrus 'n reuse-taak verrig, deurdat hy goeie betrekkinge met die mynbou-owerhede gehad het (De Kock 1980:28).

Na aanleiding van die voorafgaande het die kerk ondanks die moeilike pioniersjare wel goeie vordering gemaak om in die geestelike behoeftes van sy lidmate te voorsien. In sover dit die NG Kerk betref, het alle geestelike en kerklike bearbeiding deur die Moedergemeente van Odendaalsrus gedurende die vormingsjare in die Goudveld plaasgevind. Selfs tydens die afstigting van die onderskeie gemeentes het kerklike en administratiewe pligte swaar op die skouers van dominee De Kock gerus. Mettertyd is sy taak verlig deurdat ander leraars as belangrike hulpkragte bygekom het. Die kerk oor die algemeen het nooit vooraf geweet waar en hoedanig die mynbou-uitbreidings sou wees nie. Die strategiese beplanningsraamwerk van die kerk is in 'n groot mate hierdeur bemoeilik, omdat dit vir die kerk van belang was om met die uitbreidingstendense van die mynbouwese tred te hou. Uiteraard is dit voor die hand liggend dat die kerk daar moet wees waar sy lidmate is. Hiervolgens het die kerk gedurende die vormingsjare in die Goudveld 'n uiters moeilike taak gehad. Desondanks die vele ontberings op vele terreine van die maatskaplike lewe het die onderskeie Afrikaanssprekende Gereformeerde kerke wel daarin geslaag om in pas met die ontwikkelingstendense van die mynbounywerheid te bly.

Die stigting van gemeentes wat deur die gebiedsuitbreiding van die mynbousektor veroorsaak is, het noodwendig aanleiding tot die stigting van gemeentes in die Goudveld gegee. Alhoewel die stigting van gemeentes 'n lang en duursame proses was, was dit nogtans onvermydelik vir selfstandige kategoriale gemeentelike bearbeiding in die betrokke woongebiede. Na gelang van die omstandighede in die Goudveld het al die Afrikaanssprekende Gereformeerde kerke die moeilike prosesse van afstigting, sowel as die aankoop van geskikte kerk- en pastorie-erwe deurgemaak.

Desgelyks het ook die lenings wat aangegaan is en die rentevoorwaardes wat gehef is, dikwels met gróót kommer gepaard gegaan. Derhalwe het die gemeentes gepoog om by wyse van fondsinsamelings die uitstaande skuld so gou moontlik te delg.

Afgesien van die moeilike finansiële omstandighede waaronder die gestigte gemeentes gebuk gegaan het, het die nuutgestigte gemeentes in die vormingsjare van die Goudveld pionierswerk verrig deurdat alles van die grond af opgebou is. Die administratiewe aard en omvang van die onderskeie gemeentes van die Afrikaanssprekende Gereformeerde kerke, het dikwels hoofbrekens besorg waarvoor durf en geloof die drakrag in die bepaalde omstandighede was. Daarby was die grensbepalings tussen die onderskeie gemeentes om besoekpunte legitiem te bepaal geen maklike taak nie. Eweseer het die gemeentelike arbeid in 'n tyd plaasgevind toe die Goudveld nog nie oor behoorlike strate en paaie beskik het nie en gevolglik het dit die predikante se besoekpunte in gemeentelike verband bemoeilik. Ondanks al die ontberinge het die gemeentes van die Afrikaanssprekende Gereformeerde kerke gegroei, sodat daar vandag 'n terugblik van waardering op die vroeë arbeid van die onderskeie kerke gemaak word. Daarby getuig die era van volhardende geloofsmoed wat deur Sy genade gevoed is.

Na gelang van al die aktiwiteite van kerk en gemeentelike bou in die beginjare, het die geestelike waardes in breë verband in die Goudveld nie agterweë gebly nie, aangesien kerklike denominasies oral in die goudveldstreek bespeur is. Hierdeur is 'n kerklike gemeenskap vir die streek deur die voorsiening van die onderskeie kerke en gemeentes moontlik gemaak.

### 3.1 Die interne en eksterne effek van die kerke in die vroeë ontwikkeling van Welkom

In die vroeë geskiedenis van Welkom se ontstaan het 'n bevolkingsgroei gereeld plaasgevind wat as maatstaf vir die sosio-ekonomiese, die geestelik-religieuse, die kultureel-opvoedkundige ontwikkeling begryp behoort te word. Derhalwe het die kerk nie slegs op sigself 'n effek op sy lidmate rakende die geestelike opbouing van lidmate nie, maar dat dié effek ook in 'n algemeen funksionele infrastruktuur van die dorp gekulmineer het (Gillmer 2005:49).

Die problematiek van die kerk is in dié tyd ook gekenmerk deur velerlei probleme, soos sosiaal-maatskaplike probleme van lidmate wat uiteenlopend van aard was en gevolglik het die onderskeie leraars van die Gereformeerde

Kerke heelwat tyd aan geestelike sake afgestaan (Coetzer 2006).

Eweseer in dié tydsgewrig het materialisme sekularisme bevorder en gevolglik het die kerk in die stadium van streeksontwikkeling, 'n enorme taak gehad om sy boodskap by baie van die lidmate te laat posvat. Nietemin het die kerk getrou voortgestu om na sy geestelike huishouding om te sien (Gillmer 2005:49).

Daarbenewens het die Vrystaatse Goudgebied as Sendinggebied dorpe soos Hennenman, Virginia, Harmonie, Welkom, St Helena, Odendaalsrus, Allanridge, Wesselsbron en Odendaalsrus as fokuspunt van al die ontwikkelinge ingesluit.

Die geestelike bearbeiding was nie slegs tot blankes beperk nie, omdat die Gereformeerde kerk 'n sendinggemeente op 1 Augustus 1945 in die swart woonbuurt van Welkom gestig het. Dit het ook nie lank geduur nie voordat 'n kerkgebou opgerig is vir die sendinggemeente, wat op 1 Augustus 1955 in gebruik geneem is (Venter 1933-1983:157).

Daarby het die kerke ook 'n dinamiese effek op kultureel-opvoedkundige gebied gehad. Die feit dat die kinders van die lidmate die noodsaaklike skolastiese opvoeding moes geniet, het inderdaad sterk by die kerke opgeweeg. Die leraars van die Gereformeerde Kerke het gewoonlik op skoolkomitees gedien en ook hulle invloed op normgedrewe kulturele aktiwiteite laat geld. Daarmee gepaardgaande het die kerk se invloed in breë gemeenskapsverband vir allerlei aktiwiteite vir 'n normgerigte lewenstyl gegeld. Derhalwe het die kerk wel 'n effek en impak op letterlik elke vlak van die samelewing gemaak, omdat die meelewende lidmate van die kerke ook letterlik by elke samelewingsaspek betrokke was (Coetzer 2006). Hierdeur *kán* die kerk se invloed veral in die ontstaan en ontwikkelingsfase van Welkom nie onderskat word nie.

Dit is duidelik dat die kerke in die vroeë vormingsjare van Welkom hul merk op vele gebiede gemaak het. Na gelang hiervan het die kerke in elke voorstedelike gebied van Welkom en ook in breë verband belangrike bydraes in die hele Goudveld gemaak. Derhalwe is dit duidelik dat die kerke op grond van hulle wesensaard *ná* binne sowel as *ná* buite gewerk het.

Die Afrikaanssprekende Gereformeerde kerke het oor die algemeen voor en *ná* die stigting van gemeentes, dikwels allerlei probleme ervaar om die lidmate doelmatig te bearbei. Die rede hiervoor moet aan die bevolkingsontploffing op die Goudveld toegeskryf word, wat dikwels te vinnig op die onderskeie kerke en gemeentes afgekom het. Benewens die geestelike komponent in gemeentelike verband was daar ook die finansiële implikasies van die gestigte gemeentes, waarvan die bruidskat dikwels 'n bron van kommer was. Eweseer moes die kerk voortdurend met die uitbreidingsmoontlikhede van die mynbouwese rakende die skepping van nuwe woongebiede rekening hou. In effek het dit dikwels tot gevolg gehad dat besluite oor bepaalde projekte of gemeentelike ondernemings vir die vinnig veranderde omstandighede ter syde gestel is. Gevolglik, moes daar dikwels teen sodanige frustrasies gewaak word, sodat die funksionele aard en werksaamhede van die betrokke

gemeente nie daardeur geskaad word nie.

Die voortstuwende patroon in 'n vinnig veranderde industriële milieu was uiteraard geen maklike taak vir die onderskeie kerke in 'n gebied wat besig was om te ontwikkel nie. Desondanks moes die kerk voortstu in 'n vinnig ontwikkelende industriële klimaat om uiting aan sy geroepe taak in soms onsekere omstandighede te gee.

Daarby moes ook rekening gehou word met allerlei faktore, soos materialisme en sekularisme wat die gevolg van die ekonomiese voorspoed van die mynbounywerheid was. In dié omstandighede het die kerk 'n moeilike taak gehad om sy boodskap in die harte en lewens van die lidmate te laat posvat. Afgesien hiervan het die kerk onder uiters moeilike omstandighede nooit aan sy geroepe taak getwyfel nie.

## 4 DIE ONDERSKEIE GEMEENTES SE VROEË ROL

'n Belangrike oorweging vir die stigting van Odendaalsrus, moet aan kerklike oorwegings toegeskryf word. Die lidmate moes vir erediensbywoning per ossewa van sover as Kroonstad, Ventersburg of Bothaville ry (De Kock 1980:10). Sodanige afstande was moeisaam en uitputtend sodat 'n eie funksionele dorp as noodsaaklike alternatief geblyk het.

In 1902 met die ondertekening van die Vredesverdrag was die inwoners van Odendaalsrus arm en kon hulle nie 'n selfstandige gemeente met 'n leraar bekostig nie. Gevolglik het predikante soos dominee G W B van der Lingen van Kroonstad en dominee C J Snyman van Ventersburg in Odendaalsrus, kerkdienste onder 'n wilgerboom by 'n dam gehou. Daarby het die bediening van die sakramente dikwels onder dergelike omstandighede plaasgevind (De Kock 1980:10). Dominee Van der Lingen was die seun van die bekende dominee G W A van der Lingen van die Paarl.

Die dorp, Odendaalsrus, is in 1899 gestig en het in 1912 munisipale status verkry. Uiteraard is Odendaalsrus die oudste dorp in die Goudveld. Die naam van die dorp is aan J J Odendaal ontleen wat 'n plaas in 1878 van H W Huyser gekoop het (Chawane 1996:28-29; De Kock 1980:9).

Dit was deur die aanvoorwerk van die *Centrale Ring* en *de Rings Commissie van den Noordelijken Ring* in September 1905, dat die Moedergemeente van Odendaalsrus op 8 November 1905 gestig is (*Die Fakkel,* 1905:362; De Kock 1980:10-11). Met die oog op die interessantheid daarvan het dominee C H Boshoff van Bethulie as eerste Konsulent vir die gemeente opgetree, terwyl die eerste amptelike kerkraadsvergadering op 6 Januarie 1906 plaasgevind het (Wessels [nd]:3).

Met verloop van tyd het die gemeente daarin geslaag om 'n eie kerkgebou te bekom wat in Augustus 1940 ingewy is. Dit was 'n heuglike dag in die geskiedenis van die gemeente en die vorige predikante: dominee P S Z Coetzee en dominee L D Steyl het saam met dominee De Kock aan die

verrigting deelgeneem (Wessels [nd]:3).

Vanweë die omvang en werklading in die gemeente is daar al hoe méér begin dink om 'n hulpprediker te beroep. Dominee De Kock kon nie meer al die werk alleen behartig nie en die kerkraad het dit ook besef (*Kerkraadsnotule*: 1953: [np]). Laasgenoemde moes ook heelwat aandag aan die verkryging van persele in nuwe uitbreidings vir kerklike doeleindes gee (De Kock 1980:28). Opsigself het dit baie van sy tyd vir gemeentelike verpligtinge in beslag geneem.

Vanweë die grootte en omvang van die gemeente is Welkom op 17 Maart 1950 van Odendaalsrus afgestig waarby St Helena ingesluit is. Sonder om die geskiedenis vooruit te loop het Allanridge in 1953 en Odendaalsrus-Oos in 1955 gevolg (De Kock 1980:28).

'n Hele proses van gemeentelike afstigtings het plaasgevind en die verwysing daarna kan maklik 'n kroniekskrif tot gevolg hê. Derhalwe word slegs in breë verband die geskiedenis van die Goudveld op kerklike gebied gerekonstrueer. Alhoewel daar heelwat klem op die Moedergemeente van Odendaalsrus geplaas is, is dit grootliks slegs die beginpunt van die NG Kerk se ontstaan en ontwikkeling in die Goudveld.

Samevattend kán die ontwikkeling op kerklike terrein nie sonder die mynbou-ontwikkeling se invloed begryp word nie. Die drastiese toename van lidmate moes in gemeentelike verband na omgesien word, sodat die bestaande wyke uiteindelik tot gemeentestigtings aanleiding gegee het. Die stigting van gemeentes impliseer méér effektiewe en doelmatige gemeentelike bearbeiding, sodat die werk hanteerbaar vir die betrokke leraar in gemeentelike verband kán wees. Trouens, die werk het vir dominee De Kock in die Moedergemeente van Odendaalsrus té veel geword, sodat dit uiteindelik sy gesondheid aangetas het. Hy kon onmoontlik nie al die werk ná die ontdekking van die ekonomies-ontginbare goud behartig nie, veral toe 'n toestroming van lidmate na die Goudveld plaasgevind het. Alhoewel die kerkraad bewus was van dominee De Kock se werklading het hulle eers teen die einde van 1952 vir dominee J J Vorster as mede-leraar beroep. Hierin het die finansiële posisie van die gemeente moontlik 'n rol gespeel. Dit is in die lig van die groeiende omvang van lidmate van die moedergemeente dat die vermelde afstigtings van Welkom, St Helena, Allanridge en Odendaalsrus-Oos begryp behoort te word.

In die begin van die gemeentelike afstigtings in die vroeë vyftigerjare het dominee De Kock 'n leidende rol vervul, omdat hy midde in die proses van die ekonomiese omwenteling van die mynbouwese in die Goudveld gestaan het. Derhalwe was hy by elke aspek rakende die gemeente en die kerk se belang in die ontwikkelingsprosesse in die Goudveld betrokke. Al die tersaaklike aangeleenthede soos onderhandelinge oor kerkeiendomme en die finansiële aspekte daaraan verbonde, het hy met gróót omsigtigheid en bekwaamheid hanteer. Sy goeie menseverhoudinge was 'n belangrike bate om die kerk se sake gedurende die ontwikkelingsfase van die Goudveld te behartig. Desondanks moes die toekomstige beplanning van die kerk met gróót omsigtigheid hanteer word, deurdat groot bedrae op die spel was. 'n Fout in

dié verband kon onherstelbare nagevolge gehad het.

## 5 DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

### 5.1 Die gemeente van Odendaalsrus

Odendaalsrus en Theunissen was tot 1907 gesamentlik een wyk van Ventersburg en is deur H S van der Walt (Oom Fanie) bedien. Die wyk het van die Vetrivier tot aan die Vaalrivier gestrek (Anon 1933-1954: [np]), maar nadat dominee T N Venter in 1907 predikant van Ventersburg geword het, het Theunissen kort na sy aankoms 'n afsonderlike wyk geword. Nadat ouderling Van der Walt in 1919 oorlede is, is hy deur ouderling G van der Berg opgevolg. Laasgenoemde is ná enkele jare deur ouderling H J (Herklaas) Venter vervang (Venter [nd]:5).

Die nuutgestigte gemeente van Odendaalsrus was in 1907 klein en het maar uit ongeveer vier gesinne bestaan. Mettertyd het die gesinne toegeneem. Die gesin van D Cronje was die eerste wat in 1910 in Odendaalsrus aangekom het.

Dominee G Kruger van Parys het in 1927 in Ventersburg die eerste erediens van die gemeente in die NG Kerk waargeneem (Anon 1933-1954: [np]). Dit was nodig dat die kerkraad so gou moontlik moes omsien na die moontlikheid van 'n eie kerkgebou, veral met die oog op latere afstigting van Ventersburg. Gevolglik het die kerkraad in 1927 met die Stadsraad van Odendaalsrus begin om oor kerkgrond te onderhandel. Dit was dan ook in dié tyd dat daar sterk sprake van afstigting was. Derhalwe is die onderhandelinge in die verband in Julie 1929 voortgesit nadat die Kerkraad van Ventersburg 'n kommissie vir dié doel saamgestel het. Daarby het die kommissie ook daarin geslaag om die huidige standplaas van die kerk vir Odendaalsrus te bekom (Venter [nd]:5).

Die verslag van die Algemene Vergadering rakende Odendaalsrus se afstigting is by 'n kerkraadsvergadering van Ventersburg op 1 Maart 1930 voorgehou: “Die Kerkraad van Ventersburg word geadviseer dat Odendaalsrus as filiaal bedien word, en dat sy doel tot afstigting steeds in die oog gehou moet word” (*Die Almanak* 1934:79).

Ewewel het die lidmate van Odendaalsrus in 'n verslag van 5 September 1932 die Kerkraad van Ventersburg versoek om afstigting aan te beveel. In reaksie hierop, het die kerkraad van Ventersburg op 'n kerkraadsvergadering van 12 Januarie 1933 'n kommissie saamgestel, om die voorwaardes van afstigting te hanteer (Venter [nd]:6-7).

Die kommissie het met die oog op afstigting die volgende voorwaardes voorgehou: “Odendaalsrus moet ten minste vier keer per jaar deur 'n predikant van Ventersburg bedien word. Derhalwe om ook nie die verbintenis met Ventersburg te verbreek voordat laasgenoemde gemeente nie amptelik toestemming daartoe gegee het nie” (Venter [nd]:7).

Uiteindelik het die afstigting van Odendaalsrus met gróót vreugde gepaard gegaan, want: “Groot was die blydskap en hartlik die welkom toe die deputate

vir afstigting die Saterdagoggend, 18 Februarie 1933 op Odendaalsrus aankom. Die hele gemeente, miskien met 'n enkele uitsondering, het vir hierdie geleentheid ingekom. Ook tentwaens kon ons van veraf al sien. Dit het ons al dadelik in 'n feesstemming gebring" (*Die Kerkblad* 1933:475).

Die geskiedkundige gebeure van die afstigting van Ventersburg het op 18 Februarie 1933 plaasgevind (Venter [nd]:7) en nadat die gebruiklike prosedure rakende die afstigting afgehandel is, is die nuutgestigte gemeente in drie wyke verdeel. Hierna is die kerkraadslede gekies vir die normale funksionering van die gemeente (Venter [nd]:7).

Namate die gemeentelike uitbreiding toegeneem het, het ouderling A J Buys die kerkraad om afstigting versoek. Die kerkraad het met 'n meerderheid van stemme besluit om die versoek voorlopig uit te stel (*Kerkraadsnotule* 1933 [np]).

Uiteindelik het die kerkraad op 15 Junie 1950 besluit om die "afstigting van Welkom in beginsel goed te keur, mits die finansies dit toelaat" (Venter 1990:25). In toevoeging van die kerkraad se besluit sou Welkom steeds in kombinasie met Odendaalsrus bly. In daardie stadium het Odendaalsrus tweehonderd-en-agt belydende en honderd sewe-en-sestig dooplidmate gehad (Ibid).

Na aanleiding van die toenemende mynbou-ontwikkeling in die Goudveld het eerwaarde Klassis op 4 Oktober 1956 die afstigting van wyke Virginia-Harmonie goedgekeur. Daarby is die grensbepalinge tussen Hennenman en Virginia by 'n kerkraadsvergadering in Hennenman op 23 Augustus 1956 amptelik aanvaar en goedgekeur (*Kerkraadsnotule* 1956: [np]).

Samevattend moet al die gemeentelike afstigtings ook aan die toename van lidmate wat deur die uitbreidings van die mynbouwese moontlik gemaak is, toegeskryf word. Daarbenewens het dit geloofsmoed geverg om die aanbiddingsplekke in die Goudveld vir die lidmate van die onderskeie gemeentes moontlik te maak. Die merkwaardige is dat God deurentyd sentraal staan in die voortgang van Sy saak, waarvan die kerk in dié verband 'n lewende monument is. Daarby is nog 'n belangrike baken op kerklike gebied tot die eer van sy Naam bereik. Daarom: al die lof en aanbidding tot Sy glorieryke Naam.

## 6 DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

### 6.1 St Helena-gemeente

Die betrokke gemeente is op 5 Augustus 1950 gestig en is die oudste gemeente in die Goudveld. In *Die Hervormer* van 1950 is die volgende oor die stigting van die gemeente opgeteken: "Ons wil hierdie nuwe en jongste gemeente in ons kerk voorspoed, heil en seën toewens. Dit is 'n gemeente wat in 'n groeiende omgewing staan en daarom sal hy self groei. Mag die seën van die Here rus op die aangevange werk!" (*Die Hervormer* 1950:9). In die lig hiervan is dit duidelik dat die ontwikkelende mynbouwese `n bydraende faktor vir die groeiproses van die gemeente sou dien. Derhalwe is die

ekonomiese komponent van 'n gebied gewoonlik belangrik, omdat dit mense op 'n natuurlike wyse daarheen trek.

Nadat die gemeente 'n ontwikkelende fase van bykans vyf jaar deurloop het, het afstigtings van bepaalde wyke nodig begin blyk. Die stigtings van die onderskeie wyke het ná mekaar gevolg soos onder andere: Allanridge het op 28 September 1955 met sowat 120 lidmate afgestig; Odendaalsrus op 29 September 1955 met ongeveer 150 lidmate; Virginia op 30 September 1950 met 180 lidmate. Volgens dominee P T Jacobs van St Helena-gemeente sou die onderskeie gemeentes moontlik verplig wees om met mekaar te kombineer. Die vooruitsig van sodanige kombinasies is deur dominee Jacobs soos volg gestel: "Die kombinasies tussen Odendaalsrus en Allanridge met Bothaville en Virginia nie uitgesluit nie, terwyl Hennenman met Kroonstad 'n kombinasie kon aangaan." In werklikheid sou dit beteken dat twee predikante vir sodanige kombinasies beroep behoort te word (*Kerkraadsnotule* 1955: [np]).

Op 18 November 1955 het dominee Jacobs die kerkraad meegedeel dat hy heelwat tyd aan die gemeentelike organisasie van Virginia en Hennenman moes bestee, sodat die tyd om 'n predikant vir die gesamentlike gemeentes te beroep aangebreek het. Daarby het St Helena-gemeente ook finansiële bystand aan die onderskeie gemeentes verleen, veral as die maandelikse uitgawes die inkomste oorskry. Dié reëling sou slegs van krag bly totdat die onderskeie gemeentes finansieel onafhanklik raak (Ibid).

Op 23 Januarie 1956 is St Helena-gemeente van die tentatiewe ontvangs en bevestiging van proponent C J Viljoen vir die gemeentes van Virginia en Hennenman in kennis gestel. Dominee Jacobs het die verwikkelinge as 'n verblydende aanwins vir die Goudveld en vir die Hervormde Kerk in die Vrystaat bejeën (Ibid 1956: [np]).

Samevattend het die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika net soos die ander Afrikaanssprekende Gereformeerde kerke hul stempel op kerklike gebied afgedwing, hoewel dit geen maklike taak onder moeilike omstandighede was om afgestigte gemeentes voortdurend finansieel en soms andersins by te staan nie. Afgesien daarvan het die kerk nogtans wortel geskied en 'n blywende geestelike tuiste van aanbidding vir die lidmate tot in die verste nageslag op die historiese spoorslag van die Goudveld geskep.

## 7 EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA

### 7.1 Kort agtergrondskets

Doktor D J J de Vos wat uit die NG Kerk bedank het, is gedurende die eerste Sinode van Die Nuwe Protestantse Kerk wat op 21 April 1944 gestig is, as voorsitter van die Kerkbestuur verkies, terwyl ouderling Jaap van der Westhuizen as vise-voorsitter en dominee J F de Vos as die skriba benoem is (Fourie 2004:7).

By die tweede sinode het daar alreeds tekens van onenigheid onder die predikante en lidmate voorgekom, veral weens doktor De Vos se

antagonistiese houding en optrede teenoor die Nederduits Gereformeerde Kerk. Daar het mettertyd 'n polarisasie rondom doktor De Vos en dominee Chris Cronjé ontstaan wat uiteindelik tot die bedanking van die De Vos-broers gelei het. Laasgenoemde het op hulle beurt die *Hervormde Nederduitse Gereformeerde Kerk* gestig, wat op 10 Mei 1949 as die Christelike Gereformeerde Kerk bekend gestaan het.

In die ontwikkelingsgang van Die Nuwe Protestantse Kerk het dit later en veral in 1986 'n naamsverandering ondergaan. Sedertdien staan die Nuwe Protestantse Kerk as die Evangelies-Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika bekend (Fourie 2004:7)

## 7.2 Die Evangelies-Gereformeerde Kerk in Welkom

Die Evangelies-Gereformeerde Kerk in die Goudveld is slegs tot Welkom beperk, omdat dit geen noemenswaardige uitbreiding in die Goudveld gehad het nie. Meneer L Fourie skryf onder andere van 'n reeks dienste wat verskeie leraars in Welkom gehou het: “Baie mense het tot bekering gekom. Huisgesinne is gered en het van krag tot krag gegaan. Dit was wonderlik om te sien pa, ma en kinders bly agter om die saak met die Here reg te maak” (Anon 1960-1981: [np]).

Daarbenewens is in Mei 1960 'n aantal dienste deur dominee L Pienaar in die skoolsaal van die Hoër Tegniese Skool gehou en na afloop van die dienste is die gemeente van Welkom met ongeveer twaalf gesinne gestig. Daarna is 'n kerkraad gekies wat uit sowat agt kerkraadslede bestaan het (Fourie 2004).

Afgesien van die moeilike pioniersjare wat die Evangelies-Gereformeerde Kerk in die Goudveld en veral in Welkom deurgemaak het, het die kerk nietemin groei begin toon sodat Virginia van Welkom in 1976 kon afstig. Die Evangelies-Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika was in die Goudveld sedertdien slegs tot Welkom en Virginia-gemeentes beperk (Anon 1960-1981: [np]).

Die gemeente van Virginia het in 2002 weer met Welkom-gemeente saamgesmelt weens die beperkte aantal lidmate in die gemeente (Anon 1960: 1981:[np]). Die werk op die Goudveld bly egter enorm.

Samevattend is die gróót probleem dat geen primêre of sekondêre bronne in die kerkargief van die Evangelies-Gereformeerde Kerk beskikbaar is nie. Daar is ook geen korrespondensielêers of aanverwante outentieke bronne vir 'n deurdagte ondersoek nie. Al die relevante bronne vir die inwin van inligting is deur 'n oorstroming in die argief beskadig en dit is geheel en al onleesbaar. Derhalwe is die ondersoek aangewese op respondente en veral op diegene wat kennis van die gemeente dra. Daarby is alle tersaaklike geskrifte en aantekeninge bekom van diegene in die gemeente, wat letterlik saam met die gemeente 'n láng pad kom.

Desondanks het die Evangelies-Gereformeerde Kerk ook sy bydrae tot die vestiging van die Afrikaanssprekende Gereformeerde kerke in die Goudveld vir Sy Naam en saak gelewer, al is dit ook hoe gering.

## 8 SAMEVATTEND

Dit is duidelik dat die ekonomiese omwenteling van die mynbouwese in die Goudveld grootliks bygedra het tot die onderskeie kerke se vestiging en ontwikkeling in die streek. Die toename van die onderskeie kerke se lidmate in die gebied het die kerk oor die algemeen genoop om na die geestelike welsyn van sy lidmate om te sien. Dit het die kerk voor 'n gróót taak te staan gebring: nie alleen wat betref nuwe woongebiede wat geskep is nie, maar ook sake soos finansies, doelmatige beplanning, eiendomme, werkkragte en regsplegende advies. In 'n tydsgewrig van moeilike omstandighede sonder behoorlike paaie, kommunikasieverbindings, soos regstreekse telefoonstelsels en die lang afstande wat predikante moes aflê om sommige lidmate te besoek, is die taak van die predikant oor die algemeen bemoeilik.

**Afgesien van die velerlei probleme en moeilike omstandighede het die kerk stééds voortgegaan om uiting aan sy geroepe taak te gee, sodat die kerklike arbeid vanuit 'n historiese oogpunt vandag soos 'n reuse-monument daarvan getuig.**

## BRONNE GERAADPLEEG


Anon [nd]. Odendaalsrus line opened: Rail link with Free State Gold Fields. *The South African Mining Journal* (59), 425, 427.

Anon [nd]. The St Helena mine: Pictures of Free State operations. *The South African Mining and Engineering Journal* 57(2), 749.

Anon 1949. The birth of a town: Development and growth of Welkom. *The South African Mining and Engineering Journal* 60(1), 299.

Anon 1952. World newest, maybe greatest, Goldfield. *Travel in Africa* (4), 16.

Anon 1955. Goudmyne in die Welkomse gebied. *Mynwese* 6(1), 14-15.

Anon 1959. *The South African Municipal Magazine* (41) (499) March, 19.

Anon 1980. Herinneringe van die Vrystaatse Goudvelde. *Buurman,* (186a), [np].

Anon 1981. Die Nuwe Protestantse Kerk. *Mondigwording 3-10 Mei, 21 Jaar Welkom Gemeente, 1960-1981,* [np].

Anon 1985. Welkom: Die Goudstad. *IMIESA,* 10(9), 424.

Argiefstuk. *Welkom, 21 golden years, 14.2.1947-29.8.1968.* Welkom: Welkom Biblioteek, [np].

Bennet, R & Marais, A 1983. *Welkom city of the future.* Johannesburg: Thomson, 14.

Cartwright, A P [nd]. *The gold miners.* Cape Town: Purnel & Sons, 306-307.

Chawane, M H 1996. *Black urbanization on the Orange Free State Goldfields 1946-1957.* MA dissertation. Welkom: Vista University, 28-29.

De Kock, M G W 1980. 75 jaar van Gods genade in die Goudveld: Nederduitse Gereformeerde Kerk Odendaalsrus 1905-1980, 9, 10, 28.

*Die Almanak* van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1934, 79.

*Die Fakkel*, 1905, 6 Desember, 362.

*Die Hervormer,* 1950, 41(6), September, 9.

*Die Kerkblad* van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1933, 15 Maart, 475.

*Die Kerkbode,* 1950, deel 2, 23 Augustus, 379.

*Die Volksblad,* 1986, 3 Februarie, [np].

Du Plessis, T S 1959. Establishment of Welkom. *The South African Municipal Magazine,* 41(499), 19-20.

Fourie, C 1994. Feesuitgawe 50, 1944-1994. Historiese verloop ná die stigting. Evangelies-Gereformeerde Kerkblad: Vyftig Jaar van Genade, 7.

Gillmer, J G 2005. Die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaanssprekende Gereformeerde Kerke in die Goudveld (1946-1961): 'n Historiese Perspektief. PhD Proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria, 49.

Innes, D 1984. *Anglo American and the rise of modern South Africa.* Johannesburg: Ravan, 134.

Joubert, L J 1963. 'n Geografiese analise van die stedelike gebied Welkom. MA verhandeling. Bloemfontein: UOFS, 1, 4.

Jacobson, D. *Maize turns to gold.* S.1, S.n., 51.

Kerkraadsnotule Gereformeerde Kerk, Odendaalsrus, 18 Februarie 1933.

Kerkraadsnotule Nederduits Gereformeerde Kerk, Odendaalsrus, 1953, 26 Maart.

Kerkraadsnotule Nederduitsch Herevormde Kerk van Afrika, St Helena, 1955, 16 September.

Kerkraadsnotule Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, St Helena, 1955, 18 November.

Kerkraadsnotule Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, St Helena, 1956, 23 Januarie.

Kerkraadsnotule Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Virginia, 1956, 8 November.

Oppenheimer, H 1950. The Orange Free State Gold Fields. *The South African Journal of Economics,* 18(2), 153.

Oppenheimer, H 1948-1952. Birth of a modern mining town. *A collection of press periodicals cuttings*, [np].

Supplement to *Vista,* 31May 88, [np].

Van der Vyver, P J nd] Die ontstaan en ontwikkeling van Odendaalsrus. Onvoltooide en ongepubliseerde manuskrip S.1, S.n., [np].

Venter, G J J et al (reds) [nd]. *Die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus, 1933 - 1958.* S1 Sn, 5.

Venter, H J 1990. Die Gereformeerde Kerke in die Vrystaatse Goudvelde 1933 – 1983. ThB kandidaatskripsie. Potchefstroom: Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 25.

Viljoen, D J 1963. 'n Beplanningstudie van Welkom. MSc verhandeling. Pretoria: Universiteit Pretoria, 10.

*Welkom News,* June 1951:[np].

Wessels, J D [nd]. *Geskiedenis van die N G Gemeente Odendaalsrus: Halfeeufees 1905 - 1955.* S. 1, S. n., 3.

### Onderhoude

Coetzer, J J. Onderhoud, 15-05-2006.
Fourie, S. Onderhoud, 18-11-2004.
Oppenheimer, H. Onderhoud, 8. 4. 1993.